

'LIGPUNTE VIR DIE TOEKOMS'

By elana.vanderwatt
2014-01-09

Derduisende rande se beleggings in toerusting, oueropleiding in sleutelwoonbuurte, maatskappye wat kundiges na skole gestuur het, harde werk, en eienaarskap wat geneem is.

Dit is die bewyse dat die afgelope jaar se beter matriekuitslae vir Stellenbosse skole nie op 'n skinkbord gekom het nie, sê Johann Burger, IBB-bestuurder (institusionele bestuur en beheer) vir die Wes-Kaapse onderwysdepartement.

Hy sê as die reuse-poging deur skole, leerders, ouers, amptenare, privaat maatskappye en die Universiteit Stellenbosch (US) in ag geneem word, sou dit 'n teleurstelling wees as die plaaslike slaagsyfer nie gestyg het nie. Die Stellenbosch-kring se slaagsyfer het van 85,5% in 2012 verbeter tot 87,9% die afgelope jaar.

Hoërskool Stellenbosch, Rhenish Girls' High School en Hoër Meisieskool Bloemhof het 100%-slaagsyfers behaal. Paul Roos Gimnasium het dit rakelings gemis met 99,2%.

Ander uitskieters was Hoërskool Cloeteville, wie se slaagsyfer met bykans 20% gestyg het van 63,5% tot 81,9%, en Kylesmore Sekondêre Skool wat van 53,3% tot 71,9% verbeter het.

Makupula Sekondêre Skool in Kayamandi, wat nou drie jaar oud is, het van 86,6% na 92% verbeter. In sy eerste jaar het hy ook bo 90% behaal.

Te midde van 'n skerp aanval teen SA onderwysstandaarde en die betroubaarheid van die matriekuitslae, was skoolhoofde met wie *Eikestadnuus* vandeeweek gepraat het dit eens dat baie ekstra werk hier gedoen word om te probeer om leerders vir die lewe ná skool voor te berei ten spyte van reuse-uitdagings.

Die handhaaf van 'n streng werketiek en 'n fokus op selfstudie is enkele voorbeelde wat genoem is, maar ook blootstelling. "Ons stel hulle bloot aan baie maatskappye sodat hulle weet wat die vereistes (van die arbeidsmark) is," sê Joseph Arendse, hoof van Kylesmore Sekondêr, waar ekstra klasse en selfmotivering die deurslag gegee het. "Ons doen nie die minimum nie; ons doen baie baie meer."

Hy sê onderwysers moet ook berader speel wanneer hulle leerders aanmoedig om kritici wat hul goeie uitslae in twyfel trek, verkeerd te bewys. "Elke prinsipaal probeer sy of haar bes. Ek kan nie sê daar is één (in Stellenbosch) wat lyf wegsteek nie."

Die privaatsektor se bydrae moet ook baie meer erkenning kry, sê Burger. Hy het die US uitgesonder wat onder prof. Russel Botman se leiding dosente en studente beskikbaar stel om leerders te help, asook privaat instellings soos onder meer die Rupert Stigting en [Reutech Radar Systems](#).

Dié maatskappy het vanjaar duisende rande se toerusting aan Hoërskool Cloeteville geskenk - volgens Burger 'n groot rede vir die skool se verbeterde prestasie.

Burger het dié milieu van samewerking as buitengewoon beskryf en gesê hy het groot waardering vir die tyd en energie wat die privaatsektor belê, omdat dit 'n onbetwisbare invloed op plaaslike uitslae het.

Hy het ook amptenare se nouer samewerking met skole en beheerliggame, asook ouers se toenemende betrokkenheid uitgelig. Dié betrokkenheid is danksy spesiale oueraande wat deur fasiliteerders namens die onderwysdepartement aangebied is.

Omdat hierdie program ouers bemagtig om met meer kundigheid hul kinders by te staan, gaan dit van vanjaar af van enkele sleutel-areas na alle Stellenbosse skole uitgebrei word

Op 'n vraag oor die algemene siening dat die goeie uitslae nie die werklikheid weerspieël nie, het Burger gesê die beter uitslae in Stellenbosch is die netto-resultaat van reuse-beleggings in plaaslike leerders se toekoms.

Hy glo die vrugte wat afgewerp word, soos die Cloeteville-belegging en -sukses, bring hoop in die gemeenskap en ligpunte vir die toekoms.